

# Die Evangelie volgens Markus

Geloof in Aksie
Nederduitsch Hervormde Kerk
RANDBURG

## Inleiding

Hierdie Evangelie het na alle waarskynlikheid in die tydperk rondom 65 nC ontstaan, voor die val van Jerusalem in die jaar 70 nC. Die verwagting van komende onheil wat veral in Markus 13 na vore tree, dui daarop dat die Joodse Oorlog van 66-70 nC nog nie sy hoogtepunt bereik het nie. In aansluiting by die vroeë kerklike tradisie en ook gegewens in die Evangelie self, soos taalgebruik (bv. die Latynse leenwoorde), kan redelik seker aanvaar word dat hierdie Evangelie in Rome ontstaan het.

Volgens die vroeë kerklike tradisie was die skrywer Johannes Markus, en het hy Petrus se prediking in Rome opgeteken. Hy was nie een van die twaalf dissipels nie, maar hy het waarskynlik noue kontak met hulle gehad, omdat Jesus en sy dissipels by geleentheid in sy ma se huis vergader het (vgl. Hand 12:12). Heel moontlik verwys hy na homself in Markus 14:51 as die jongman met 'n doek om sy lyf wat na Jesus se gevangeneming nakend weggevlug het. Ons beskik ongelukkig nie oor genoegsame historiese inligting om hierdie aannames te bevestig nie.

Markus het sy Evangelie waarskynlik in Rome en vir Christene in Rome geskryf. Hulle was 'n bedreigde godsdienstige minderheid in die hoofstad van die Romeinse Ryk. Markus skryf sy Evangelie hoofsaaklik om sy eerste lesers aan te moedig om in moeilike omstandighede in hulle belydenis te volhard.

Die Markusevanglie is ons oudste Evangelie. Na aanleiding van sy openingswoorde "die begin van die evangelie" (1:1) het die Evangelie as tekssoort waarskynlik beslag gekry. 'n Evangelie is 'n besondere vorm van vertelliteratuur. Dit bestaan uit 'n vertelling van die goeie boodskap oor die koms en optrede van Jesus Christus, die Seun van God. Markus verduidelik en vertolk die betekenis en implikasies van die lewe en werk van Jesus vir die geloofsgemeenskap aan wie hy skryf.

Met die doel om die vervolgde Christene in Rome te bemoedig, beklemtoon Markus die ontsettende lyding wat Jesus ter wille van mense moes deurmaak. Hy tipeer Jesus se optrede en lyding as 'n diens van Jesus. Die Seun van die Mens het immers gekom "om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie " (Mark 10:45). Markus waarsku dat iemand wat Jesus as die Christus bely, ook lyding kan verwag en bereid moet wees om te dien. Hy beskryf hoe moeilik dit vir Petrus en die ander dissipels was om gewoond te raak aan die idee van lyding en diensbaarheid (Mark 8:31-10:45). Jesus roep sy volgelinge egter op om moedig en waaksaam te bly. Hoewel Hy diep verneder is, is Hy ook verheerlik en sal met groot krag en majesteit terugkom. Hy sal sy uitverkorenes versamel om in sy heerlikheid te deel. Daarom moet hulle nie moed verloof nie.
Markus plaas baie klem op die lyding en kruisiging van Jesus. Hy beskryf die lydensweg wat Jesus op pad na die kruis moes volg. Reeds vroeg in sy vertelling verwys Markus na Jesus se naderende dood (bv. 2:19-20 en 3:6), en dit word die fokus van die reeks aankondigings oor Jesus se lyding (8:31; 9:31, 10:33-34). Petrus se belydenis by Sesarea-Filippi "U is die Christus" (8:2) vorm 'n draaipunt in hierdie vertelling. Voor hierdie belydenis word Jesus uitgebeeld as die magtige Seun van God, en daarna word aangetoon waarom Hy tog moes ly.

## Belangrike gegewens

### Doel:

Om Jesus te proklameer as die Seun van God.

### Skrywer:

Johannes Markus. Hy was nie een van die twaalf dissipels nie, maar hy het Paulus op sy eerste sendingreis vergesel (Hand. 13:13). Moontlik het Johannes Markus baie noue kontak met die dissipels gehad omdat hulle dikwels in sy ma se huis in Jerusalem bymekaar gekom het.

### Geadresseerdes:

Die Christene in Rome.

### Ontstaanstyd:

Tussen 55 en 65 nC.

## Plasing:

Die Romeinse Ryk het onder verskillende keisers hoogbloei beleef wat tot uiting gekom het in ‘n gemeenskaplike taal onder die inwoners, en uitstekende vervoer- en kommunikasiestelsels, wat die verspreiding van die boodskap van Jesus aangehelp het.

## Kernverse:

“Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie” (1:15).
“Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense” (10”45).

## Belangrike karakters:

Jesus, die twaalf dissipels, Pilatus, die Joodse godsdienstige leiers.

## Belangrike plekke:

Kapernaum, Nasaret, Sesarea-Filippi, Jerigo, Betanië, die Olyfberg, Jerusalem Golgota.

## Verdere opmerkings:

Markus se Evangelie was waarskynlik die eerste wat as ‘n skriftelike geheel verskyn het. Al die verse wat in Markus voorkom, met die uitsondering van net 31, word in geheel of gedeeltelik deur die ander drie Evangelies gebruik.

## Oorsig – Bybel in Praktyk

Elke mens wil graag 'n wenner wees. Die algemene opvatting is dan dat elkeen wat nié eerste is nie, 'n verloorder is. Jesus sê egter in geestelike opsig geld presies die teenoorgestelde: "en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense" (10:44-45). Jesus is die grootste en belangrikste van alle tye – Hy is die Messias, die Seun van God - maar Hy het as dienaar na die wêreld gekom. Deel van sy diensprojek was om sy lewe te gee as sigbare en konkrete bewys van sy diens.

Dit is die boodskap van Markus. Hy het dit geskryf om veral die Christene van Rome te bemoedig en vir hulle bo alle twyfel die versekering te gee dat Jesus die Seun van God is. Markus bied aan ons 'n helder en omvattende kaleidoskoop van Jesus se optrede. Sy ware identiteit word duidelik uit die dinge wat Hy doen, en nie net uit die dinge wat Hy sê nie (hy beskryf 18 wonderwerke, en slegs vier gelykenisse). Ons sien Jesus hier in aksie.

Markus vertel nie die verhaal van Jesus se geboorte nie. Hy begin by die prediking van Johannes die Doper. Hy vertel vlugtig van Jesus se doop, sy versoeking in die woestyn, en die roeping van die dissipels. Dit bring hom vinnig by Jesus se bediening. Ons sien Jesus waar Hy 'n bose gees uitdryf, 'n melaatse gesond maak en die verlamde man wat deur sy vriende deur die dak neergelaat is, gesond maak en vergewe.

Daarna lees ons van die roeping van Matteus en Jesus se maaltyd saam met hom en sy berugte vriende. Hierdie insident het tot 'n botsing met die Fariseërs en ander geestelike leiers gelei, want hulle het Hom veroordeel omdat Hy saam met sondaars geëet en nié die Sabbatdag volgens hulle voorskrifte onderhou het nie.

In hoofstuk 4 vertel Markus vir ons meer omtrent die dinge wat Jesus geleer het. Ons lees die gelykenis van die saaier en die voorbeeld van die mosterdsaadjie. Dan sien ons Jesus weer optree: Hy maak die storm stil, dryf duiwelse geeste uit en maak Jaïrus se dogtertjie gesond.

Jesus keer terug na Nasaret, sy tuisdorp, maar word daar verwerp. Hy beveel die dissipels om die Goeie Nuus oral te verkondig. Hy ondervind al hoe meer teenkanting van Herodes en die Fariseërs. Johannes die Doper word onthoof, maar Jesus werk steeds onvermoeid voort. Hy gee 5 000 mense kos, help die Siro-Fenisiese vrou, maak die dowe man gesond en gee weer vir 4 000 mense kos. Uiteindelik word dit tyd om vas te stel of die dissipels weet wie Hy waarlik is. Weet hulle? Petrus getuig dat Jesus die Messias is, maar gee net daarna duidelik te kenne dat hy nie Jesus se bediening verstaan nie. Na die verheerliking op die berg gaan Jesus met sy werk voort. Hy leer die mense en maak siekes gesond. Hy praat ook

met die Fariseërs oor egskeiding, en met die ryk jongman oor die ewige lewe. Die blinde Bartimeus word genees.

Die gebeure volg mekaar nou vinnig op, want die einde is naby. Markus gee ‘n dramatiese weergawe van die laaste paasmaaltyd, die verraad, die kruisiging en die opstanding. Tussendeur vind ons voorbeelde van die dinge wat Jesus vir die mense geleer het. Markus gee vir ons 'n dinamiese beskrywing van Jesus - Jesus wat optree, dien, opoffer en red!

# MEGATHEMES

## Jesus Christ

### EXPLANATION:

Jesus Christ alone is the Son of God. In Mark, Jesus demonstrates his divinity by overcoming disease, demons, and death. Although he had the power to be king of the earth, Jesus chose to obey the Father and die for us.

### IMPORTANCE:

When Jesus rose from the dead, he proved that he was God, that he could forgive sin, and that he has the power to change our lives. By trusting in him for forgiveness, we can begin a new life with him as our guide.

## Servant

### EXPLANATION:

As the Messiah, Jesus fulfilled the prophecies of the Old Testament by coming to earth. He did not come as a conquering king; he came as a servant. He helped people by telling them about God and healing them. Even more, by giving his life as a sacrifice for sin, he performed the ultimate act of service.

### IMPORTANCE:

Because of Jesus’ example, we should be willing to serve God and others. Real greatness in Christ’s kingdom is shown by service and sacrifice. Ambition or love of power or position should not be our motive; instead, we should do God’s work because we love him.

## Miracles

### EXPLANATION:

Mark records more of Jesus' miracles than sermons. Jesus is clearly a man of power and action, not just words. Jesus did miracles to convince the people who he was and to confirm to the disciples his true identity— God.

### IMPORTANCE:

The more convinced we become that Jesus is God, the more we will see his power and his love. His mighty works show us he is able to save anyone regardless of his or her past. His miracles of forgiveness bring healing, wholeness, and changed lives to those who trust him.

## Spreading the Gospel

### EXPLANATION:

Jesus directed his public ministry to the Jews first. When the Jewish leaders opposed him, Jesus also went to the non-Jewish world, healing and preaching. Roman soldiers, Syrians, and other Gentiles heard the Good News. Many believed and followed him. Jesus' final message to his disciples challenged them to go into all the world and preach the gospel of salvation.

### IMPORTANCE:

Jesus crossed national, racial, and economic barriers to spread his Good News. Jesus' message of faith and forgiveness is for the whole world—not just our church, neighborhood, or nation. We must reach out beyond our own people and needs to fulfill the worldwide vision of Jesus Christ so that people everywhere may hear this great message and be saved from sin and death.